| | |
|---|---|
| Titel: | Lyding |
| Pastor: | Hercules Opperman |
| Datum: | 24 April 2011 |
| Tyd: | 09:00 |

shofar

**Lyding:**
Om iets wat jy gehad het, te verloor, en om die gevolg van daarsonder wees, te ervaar.

**Verlies:**
Om van iets ontneem te word wat by jou ‘n tekortkoming veroorsaak.

**Verlies van:**
- geliefdes
- gesondheid
- verhouding
- finansies
- vermoë
- waardigheid
- lewenshoop

**Waarom gebeur hierdie dinge?**
- Is God goed?
- Is God lewend?
- Is God in beheer?
- Gee God om?

**1. Om ons te toets:**

**Job 1:1-12**
[1] In die land Us was daar 'n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die
kwaad vermy. [2] Hy het sewe seuns en drie dogters gehad [3] en was ook die eienaar van sewe duisend
stuks kleinvee, drie duisend kamele, vyf honderd paar trekosse, vyf honderd donkies en baie slawe.
Onder die mense in die ooste was hy die belangrikste man. [4] Sy seuns het om die beurt partytjies
gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met
hulle fees te vier. [5] Ná so 'n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die
bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal 'n brandoffer gebring, “want,” het
Job gesê: “miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek.” Job het dit elke keer
gedoen. [6] Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die Satan was ook onder hulle.
[7] Toe vra die Here vir hom: “Waar kom jy vandaan?” En die Satan antwoord die Here: “Ek het die
wêreld deurkruis.” [8] Die Here vra toe vir die Satan: “En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy
gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad.” [9] Toe antwoord
die Satan die Here: “Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! [10] U beskerm hom dan, en sy huis en
al sy goed. U maak alles wat hy doen, voorspoedig. Selfs sy vee teel vinnig aan. [11] Maar raak nou net
aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie.” [12] "Toe sê die Here vir die Satan: “Alles
wat hy het, gee Ek in jou mag oor. Net aan hom self mag jy nie raak nie.” Die Satan het daarna van
die Here af weggegaan.

**Job 2:4-8**
[4] Die Satan sê toe vir die Here: “Dit bewys nog niks. 'n Man sal mos alles gee wat hy het, as hy net
kan bly lewe. [5] Maar raak nou net aan sy liggaam en kyk of hy U dan nie in u gesig vervloek nie.” [6]
Toe sê die Here vir die Satan: “Goed, hy is in jou mag. Net sy lewe mag jy nie neem nie.” [7] Die Satan
het van die Here af weggegaan en vir Job met pynlike swere getref, van sy kop tot sy tone. [8] Job het
op 'n ashoop gaan sit en hy het 'n potskerf gevat en hom daarmee gekrap.

**Job – die uiterste man van lyding.**

**Verlies van:**

- geliefdes
- finansies
- gesondheid
- waardigheid
- vermoë
- lewenshoop

**2. As gevolg van sonde:**

II Samuel 12:9-19

[9] Waarom het jy nou die woord van die Here geminag deur so 'n verkeerde ding te doen? Jy het Urija die Hetiet met die swaard doodgemaak en toe sy vrou vir jou gevat. Ja, jy het hom vermoor met die swaard van die Ammoniete. [10] Daarom sal die swaard nou nooit meer uit jou huis weggaan nie, want jy het My geminag toe jy Urija die Hetiet se vrou vir jou gevat het. [11] So sê die Here: Van nou af gaan Ek uit jou eie huis ellende oor jou bring. Ek sal jou vrouens voor jou oë vat en aan iemand anders gee. Hy sal by jou vrouens slaap oop en bloot, [12] want jy het 'n ding in die geheim gedoen, maar Ek sal alles oop en bloot voor die hele Israel doen." [13] Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen die Here." En Natan sê vir hom: "Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie. [14] Maar omdat jy deur hierdie daad die vyande van die Here aanleiding gegee het om Hom te laster, sal hierdie selfde kind wat vir jou gebore is, sterwe." [15] Natan het huis toe gegaan, en die Here het die kind wat Urija se vrou vir Dawid in die wêreld gebring het, getref. Die kind het ernstig siek geword. [16] Dawid het tot God gebid vir die kind. Hy het hom verootmoedig deur aanhoudend te vas, hom terug te trek en op die grond te lê. [17] Die hoofde van sy huishouding het hom probeer oorreed om van die grond af op te staan, maar hy wou nie. Hy het nie saam met hulle aan tafel verskyn nie. Die hoofde van sy huishouding het hom probeer oorreed om van die grond af op te staan, maar hy wou nie. Hy het nie saam met hulle aan tafel verskyn nie. [18] Op die sewende dag het die kind gesterwe, en Dawid se amptenare was bang om hom te vertel dat die kind dood is. Hulle het gesê: "En nou? Toe die kind nog gelewe het, het ons met die koning gepraat, en hy het nie na ons geluister nie. Hoe kan ons nou vir hom sê die kind is dood? Hy sal 'n onbesonne ding aanvang." [19] Dawid het agtergekom dat sy amptenare onder mekaar fluister en hy het afgelei dat die kind dood is. "Is die kind dood?" het hy gevra. "Hy is dood," was hulle antwoord.

**3. Lyding vir 'n doel:**

**Oorkom lyding**

- **Moenie van pyn af weghardloop nie.**

  Psalm 46:11
  Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

  Sefanja 3:17
  Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou:

- **Moenie troos soek by mense nie.**

- **Jy het ondersteuning van mense nodig.**

  Spreuke 25:17
  Wees spaarsaam met jou kuiers by jou buurman; as hy jou te veel sien, hou hy naderhand nie meer van jou nie.

- **Moenie jou pyn ontken nie.**
  GEVAAR: ontploffing op pad!

- **Moenie jouself jammer kry nie.**

### Psalm 42:5

Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper.

- **Reik uit en wees 'n seën vir ander.**

### Job 42:10-11

[10] Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het. [11] Al sy broers en susters en sy vriende wat hom vroeër geken het, het gekom en saam met hom in sy huis geëet. Hulle het hulle medelye kom betoon en hom getroos oor al die rampe wat die Here oor hom gebring het. Elkeen het vir hom 'n stuk silwer en 'n goue ring gegee.

- **Maak 'n definitiewe keuse.**

### Job 2:9

En sy vrou het vir hom gesê: "Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf!"

### Daniël 3:14-18

[14] en Nebukadnesar het vir hulle gesê: "Is dit waar, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god nie dien nie, die goue beeld wat ek laat oprig het, nie aanbid nie? [15] Nou kyk, dit sal in orde wees as julle bereid is om te buig en die beeld te aanbid sodra julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument. Maar as julle hom nie aanbid nie, sal julle dadelik in 'n brandende oond gegooi word, en watter god sal julle uit my mag kan red?" [16] Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: "Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. [17] Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. [18] Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

- **Leer uit lyding.**

### Job 42:1-6

[1] Daarna het Job vir die Here gesê: [2] "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. [3] Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. [4] U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. [5] Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, [6] en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as."

- **Gaan na die Woord van God.**

### Psalm 119:105

U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

### Job 42:12-17

[12] Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste: hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste en 'n duisend donkies gekry, [13] en ook sewe seuns en drie dogters. [14] Die oudste dogter het hy Jemima genoem, die tweede Kesia en die derde Keren-Puk. [15] Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie. Hulle pa het hulle saam met hulle broers laat erf. [16] Job het nog honderd en veertig jaar gelewe. Hy het sy kinders en kindskinders tot in die vierde geslag gesien. [17] Job het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad.